# Die DROOMGENOOT

## HERFS 2023

droom
DIENS AAN RIVERSDAL
& omgewing

# Die DROOMGENOOT

*Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,*

*En hier is ons weer by my gunsteling seisoen – HERFS.*
*Ek glo dit gaan goed met julle en dat almal 'n Geseënde Paasnaweek ervaar het.*

*Volgens wat ek kon sien en hoor, was daar weer 'n paar lelike ongelukke die naweek en kan ons wat nog veilig is en niemand verloor het nie, net dankbaar wees. My buurman is 'n para-medikus en het weer, soos verlede jaar, hierdie Paasnaweek gewerk. Hy is altyd so positief, maar na 'n langnaweek kan ons agterkom hy is geraak deur wat hy alles moes sien. Mense is van nature ongeduldig, party meer as ander, en op die paaie is dit nie 'n goeie ding nie.*

*Terug by HERFS – die dae is mooi, koeler, korter en meer intens. Die kleur van alles rondom ons is dieper asof dit wil opmaak vir die grys en koue nat weer wat voorlê!*
*Is dit nie soos die lewe ook is nie….. dit voel vir my asof alles verander hoe ouer ek raak (en ek praat nie van die skete en pyne nie). Ek dink anders oor mense, oor probleme, oor my gesin en familie – en ook oor myself. Ek ervaar die lewe rustiger, maar ook meer intens. Ons moet alles insit en ons dae vol pak voor ons dit nie meer kan doen nie.*
*Ek dink ook hoe ouer ons raak, hoe meer besef ons dat die lewe nie vir altyd is nie, vir altyd het ook 'n einde. Daarom moet ons doen wat ons kan, wanneer ons kan. En moeite maak om mense te gaan sien, voor HERFS in WINTER verander het. Ons hoor so baie dat mense sê: "Ai ek het so aan ………. gedink en wou nog 'n draai gaan maak, maar nou is dit te laat, hy/sy is skielik oorlede"*
*Gaan maak daardie draai, gaan drink die koppie tee, gaan met vakansie – HERFS verander altyd in WINTER en dan kan 'n mens nie meer so lekker kuier nie, dit is te koud of dalk te laat.*

*Groete, bly jouself en bly gesond*

*Lise Veldsman*
*Tel: 082 776 2595*
*Faks: 086 6133 804*
*E-pos: lise@droomriversdal.co.za*

*EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is*





# Remember

# That Easter Morning!

Remember :
Jesus bore the stripes of pain and suffering.
He bowed under the weight of the cross.
He shed His blood.
He said, "It is finished!"
He entered the tomb.
He broke the bonds of death.
He rose to live forever!

Remember :
His sacrifice, His pain, and His joy!

For by the power given to Jesus
to overcome death,
He has proven
there is no death
when we put our trust in Him!

## Remember!

Poem by Ken Pilcher, Jr. © All Rights Reserved/ www.faithclub.org

# UIT DIE BAAS SE STOEL

Dagsê lesers,

Na die heerlike rëen moet ons opreg dankbaar wees. Ons damme loop oor en die gras is groener as gewoonlik.
By Droom het 2023 met ‘n spoed weggespring. Die bouwerk is teen bouersvakansie in Desember afgehandel en toe het alles lê en wag vir 2023.
Januarie is daar begin met vloere, elektronika, glasdeure en nog wat, want ons wil ten volle open op 1 April 2023. Einde Januarie is 3 kamers reeds oopgestel en einde Februarie ‘n verdere 6 kamers. Ons plek lyk regtig mooi.
Terwyl die noodlot ons tot stillstand geruk het en die herstelproses begin het, het ons ook voortgegaan met projekte wat toe reeds goedgekeur was, naamlik die nuwe aluminium vensters, Alzheimer eet/werkskamer, ontvangs- en kombuis opgradering.
Soos almal weet is Eskom ‘n reuse probleem en Droom ondersoek reeds geruime tyd die verkryging van alternatiewe kragbronne. Ons mikpunt is om die ligte 24 uur van elke dag aan te hou. Dit sal egter ‘n geweldige finansiële las op Droom plaas.

Op 1 Maart 2023 is die verhoging aangekondig. Die beheerraad het letterlik alles in hulle vermoë gedoen om dit so laag as moontlik te hou. Navorsing in ons omgewing het bewys dat ons weereens die laagste verhoging aangekondig het. Ondanks die ekonomiese probleme wat die land in die gesig staar, asook die swak toestand waaronder krag gebuk gaan.

Wat ons personeelkorps betref het ons baie slegte nuus ontvang met Retha Bernado wat ons einde Maart 2023 verlaat asook Grieta de Jager wat na baie jare weens gesondheid nie meer kan voortgaan nie. Baie dankie aan beide van julle. Dit laat ‘n groot leemte in ons werksaamhede, maar daar kom ‘n tyd in elkeen se lewe dat ons julle moet salueer vir die onbaatsugtige taak wat julle verrig het.

Droom het ‘n baie suksesvolle golfdag aangebied gedurende Februarie wat ons finansies ‘n hupstoot gegee het. Skaars terug is ons genooi om die pannekoekstalletjie by die skou aan te bied. Weereens met groot sukses.

Ek kan nie afsluit sonder om alle vrywilligers te bedank nie. Ons is oorweldig deur hulp gedurende alle insidente – goed of sleg.

Groete van die kantoor

Chris Veldsman

**Dié donker wolk het toe tog 'n silwer randjie .......**

Donderdagaand 11 Augustus 2022 begin net soos alle vorige aande in Tehuis Ou Meule – die dag-verpleegpersoneel groet en keer huiswaarts vir 'n welverdiende nagrus en die nagpersoneel begin met hul take om al die inwoners gereed te kry vir 'n goeie nagrus. Tee en toebroodjies word bedien, medikasie word uitgedeel en doeke word geruil. Teen ongeveer 22:00 is die meeste ligte afgeskakel en kan die verpleegpersoneel begin met hul administratiewe take.

Teen ongeveer 23:45, so net voor middernag, verander 'n rookreuk die rustigheid. Daar was 'n elektriese kortsluiting in een van die kamers op die boonste vloer en vir die volgende paar uur het die personeel, inwoners en die gemeenskap van Riversdal verbete geveg teen die verterende vlammehel en die erge rook.
Ons is nie seker hoe die gemeenskap in die middernagtelike ure gehoor het van die brand nie, maar daar het baie mense opgedaag om te help. Hessequa se brandweer- en ambulansdienste, buurtwagte, gemeenskapslede en DROOM se personeel het saamgewerk – almal met net een doel voor oë om al die inwoners veilig buite die brandende tehuis te kry.
Ons is net bly dat niemand, inwoners sowel as helpers, fisiese brandwonde opgedoen het nie. Inwoners en personeel is gehospitaliseer vir rookinaseming en as gevolg daarvan moes ons afskeid neem van een van Tehuis Ou Meule se geliefde inwoners. Ons mis hom nog elke dag want hy was geliefd en 'n legende in Tehuis Ou Meule.
Die brand het gesorg vir baie ontwrigting, al die inwoners kon nie terugkeer na hul kamers nie. Sommiges moes tydelik in Tehuis Jan Lange geakkommodeer word. Vanaf die nag van 11 Augustus 2022 vir bykans sewe maande is daar "gewoel en gewerskaf" om Tehuis Ou Meule weer leefbaar te maak. Die rook het baie skade veroorsaak en die roet het in alle moontlike hoekies en gaatjies neergedaal.

DROOM is so trots op al sy personeel wat regtig die ekstra myl geloop het om inwoners se angstigheid en ongemak tydens die herstelproses draagliker te maak.
'n Beheerraadslid en DROOM se sosiale koördineerder kry toe die blink idee om saam met die "heropening" van Tehuis Ou Meule, op 1 April, 'n DROOM-myl-geleentheid aan te bied. Daar was maar onsekerheid oor of daar genoeg belangstelling sou wees. Buiten dat sommiges gedink het dat die DROOM-myl 'n gekkedag-grap was, was die datum in die skoolvakansie en het die organiseerders glad nie gedink dat daar so 'n groot belangstelling sou wees nie. MAAR, net soos tydens en na die brand in Tehuis Ou Meule, het die gemeenskap van Riversdal ingeskryf, opgedaag en deelgeneem. DROOM was weereens oorweldig deur die welwillendheid van die hele gemeenskap van Riversdal en omliggende dorpe.
Vrolike musiek en die geur van wors wat braai het gesorg vir 'n lekker atmosfeer. Die aanvanklike doel van die DROOM-myl was dat deelnemers dit moet geniet en dat soveel moontlik inwoners van die tehuise en woonstelle moes deelneem. Drawwers, stappers en persone in rolstoele het na mekaar "weggespring" en vir die eerste drie persone in elke afdeling was daar 'n medalje.
Soos reeds genoem was daar heelwat deelnemers en blyk dit dat die DROOM-myl in die toekoms 'n jaarlikse geleentheid gaan wees. Ja, natuurlik was daar groeipyne en kans vir verbetering, maar hierdie was 'n eerste probeerslag

Met die DROOM-myl afgehandel was dit tyd vir die lint-knip seremonie by die hoofingang van Tehuis Ou Meule. Alhoewel daar groot opgewondenheid was, en steeds is, oor die "heropening", is daar tog 'n onderliggende hartseer oor die inwoner wat gesterf het a.g.v. rookinaseming tydens die brand.
Ja, deur die goedheid van die Here het die donker wolk toe tog 'n silwer randjie – ons kan nie genoeg dankie sê vir genade wat ons so onverdiend uit die Vaderhand ontvang.







SPAR
SPAR
SPAR


SPAR

*DROOMMYL UITSLAE*

-MANS DRAWWERS-
1ste plek: Maxi-lee Pedro 4:36
2de plek: Luciano Stuurman
3de plek: Gershwin Fielies

-DAMES DRAWWERS-
1ste plek: Laura-lee Jacobs

-STAPPERS-
1ste plek: Tiaan Siecker
2de plek: Zuraida Joseph
3de plek: Jaydee Ruiters

-ROLSTOEL AFDELING-
1ste plek: Ricus vs Vyver en Tannie Bossie
2de plek: Corne Ferreira en Tannie Loraine
3de plek: Shirley Rudd en Alex Rudd

-INWONERS-
1ste: Rina Lotz
2de: Marthie Norden
3de: Patrick vd Berg

-OUDSTE DEELNEMENDE MAN-
Frikkie Norden – 95 jaar

-OUDSTE DEELNEMENDE VROU-
Naomi Stander – 99 jaar

Greetings ISLAND

# VONKE UIT DIE VUURKLIP deur Mnr J Oosthuizen

## KIERIESTORIES

Goeiedag almal,
Ek hou ek my deesdae onder andere besig met kieries maak. Vandaar die skryfsel.
Dit bly maar so dat ek 'n swakte het om soms deeglik te beplan en dan weer op die ingewing van die oomblik, een of ander onverantwoordelike ding aan te vang. So was dit ook jare terug in Engeland toe 'n kierie my uitgenooi het om hom uit te haal. Dit kan soms 'n waaghalsigheid wakker maak. Verskoon tog die bekentenissie wat ek met julle deel.
En onthou sommer dat kieries nie met ouderdom te doen het nie. 'n Kierie verleen styl op enige ouderdom. Dis nou behalwe al die ander voordele.

Op my kieries leunend,

Goeiedag almal.
My vorige kieriestorie het verbasend baie reaksie uitgelok. Hier's nou 'n opvolgstorie en as julle lekker aan hom lees, sal daar nog een wees. Ou stories wat ek afgestof het.
Kry vir jou 'n kierie voordat jy neerslaan. Dis nie 'n teken van ouderdom nie, maar 'n bron van plesier en hy keer dat jy nie val en dalk breek nie!
Hou kop en bly regop!

Liefhebbend.
Johan/Oosie/Pa

**<u>KIERIES IS STORIEVERTELLERS.</u>**
Kieries kan uiteraard nie vertel nie, maar ′n kierie kan iemand die storie laat vertel. Eintlik laat kieries die eienaar die vertelwerk doen en dit verskaf genot aan die verteller en die luisteraar. Kieries maak stories in ′n mens se binneste wakker. Ek praat nie van winkelkieries, wat hoe mooi hulle ook al mag wees, nie eintlik stories laat vertel nie.
As kind kan ek nie onthou dat my nabymense kieries gehad het nie. My ouma wel, maar ek was nog te klein om ′n kierie na waarde te skat. Dis eers jare later en vandag nog, dat ek agterkom dat kieries stories vertel. Wie se kierie dit is of was. Waar die kierie vandaan kom en hoe die kierie gemaak is.
As kind het ek in die Laeveld op Kaapmuiden met amaSwati om ons groot geword. ′n tradisionele umSwati was onafskeidbaar van ‵n veelkleurige lendedoek, knopkierie en sy versierde dikwielfiets. Ek het altyd ′n kierie begeer maar ′n umSwati se kierie was nie ′n weggeeding nie.
Elke kierie was ′n meesterstuk wat uit hardehout gekap en gekerf is. Daar was nie draaibanke en skuurmasjiene nie. Die fyn afwerking is met die snykante van gebreekte glasbottels gedoen en verder was dit byltjie en mes. Hulle het twee soorte knopkieries gemaak wat eintlik ′n soort handwapen was. Vir selfverdediging in geval van nood, maar wel ook om ′n hou in te kry as daar baklei of geveg is.
Die rondekopkierie, *inDukhu,* se knop was gewoonlik gemiddeld tennisbalgrootte, maar dit was die gevaarlike gevegkierie, die *umZacha* wat my verbeelding aangegryp het. Die knop was deel van die dikker stam en die res van die kierie die uitgroeiende

tak. Die kop is só gekerf dat drie skerp riwwe rondom die kop gevorm is met die middelste een wat ŉ goeie 20mm uitstaan. Waar daardie kierie getref het, het die bloed geloop.
Hulle het ook ŉ kort rondekop kierie vir jagdoeleindes gemaak. Dit was ŉ gooikierie wat op vernuftige wys gegooi is en die einde van ŉ haas, dassie of selfs ŉ tarentaal of patrys beteken het. Daarna was dit reguit pot toe.
Wat hierdie kieries destyds vir my so besonders gemaak het, was die stories wat die kieries vertel het, want elke kierie was ŉ stukkie van 'n eeue-oue kultuurskat van die amaSwati en die kieries het eintlik die stories van mense vertel. As seuntjie was dit ŉ lekkerte waarna ek kon luister.
Daar was ook ŉ skaars kierie – die moerkierie. Langs treinspore het die manne per geluk groot spoorwegtrokmoere opgetel en dit dan as knoppe vir kieries aangewend. Glo my, as hulle dan baklei het, het hulle mekaar letterlik dik gemoer as die sorghum begin praat het.
Dit sommer net ŉ stuk van my as kind se onthou.
As ek in ŉ huis instap en ek sien ŉ versameling kieries, wonder ek altyd watse stories die kieries vertel en ek is altyd daarop ingestel om ŉ kierie uit te lig en dan te vra of dié besondere kierie ŉ storie het om te vertel. Die versamelaar vertel dan die kierie se storie: Waar hy die kierie gekry het, wie die kierie gemaak het en hoe dit gebeur het dat hy die kierie sy eie kon maak. Hou die eienaar dop. Hy gryp nie een nie. Nee, hy haal hom versigtig uit. Kyk hoe kyk hy na die kierie en hoe hy hom liefderik streel. Hy bulder nie die storie uit nie. Hou sy oë dop. Hy vertel rustig, met stil tussenposes wat boekdele spreek. Ja en soms kan dit ook ŉ vrolike vertelling wees.
Of dit vir almal so is weet ek nie, maar vir my is dit 'n besonderse ervaring om na iemand se kierieversameling te kyk. Net so is dit ook met 'n man se sweep- en karwatsversameling. Ja, met 'n man se pype ook. Ek staan hulle só en kyk en elkeen van hulle is 'n storie. Hulle vertel net woordeloos en wag vir iemand wat aan hulle woorde klank kan heg. En as iemand dan die storie begin vertel, is dit met nostalgie-deurdrenkte woorde. Dis mos of 'n stuk mens aan sy of haar kierie met die jare afvryf en daardie mensgeur bly kleef aan dáái kierie.
So 'n veertig jaar terug was daar 'n dierbare ou oom en tante in my plaaswyk. Ek het hulle eers maandeliks besoek en later, namate die oom sieker en swakker geword het, meer dikwels. Sy skielike dood was te wagte en toe ons sy liewe vrou gaan troos het was woorde min. "Die Here het ons 63 jaar vir mekaar gegee en nou's hy weg, maar my ou man wag vir my." Toe ons wou ry, het sy gesê ek moet net 'n bietjie wag, sy's die huis in en kom toe terug met die besonderse kierie wat ek so baie keer bewonder het. "My ou man het, net voordat hy weg is, vir my gesê ek moet onthou om dié kierie vir jou te gee." Ek luister vandag nog as daardie kierie begin praat en ek weer begin onthou.
Ek en 'n vriend sit eendag en raak aan die gesels oor kieries, toe hy opstaan en met 'n kierie terugkeer wat hy vir my in die hande gee. Dit was 'n kierie met 'n haak aan die vatkant, op die oog af nie 'n watwonderse kierie nie maar die vriend se oë het gevonkel terwyl ek strelend die kierie bekyk het. Ek het opgemerk dat die kierie so glad en fluweelsag afgewerk was. "Ja," seg hy, "dit was eers my oupa en toe my pa se kierie. Met daai haak is duisende skaap uitgevang. Die glans en die gladheid is die Merinowololie wat oor dekades heen op daai kierie afgevryf het. Vir 'n wyle was gesproke woorde oorbodig.


En nou op ligter noot en ampertjies tot my skande: Laat een van my besonderse kieries nou deur my sy storie vertel. My swaer het my in Engeland na 'n klipkerk wat al amper 'n duisend jaar staan, waar die oudste Yewboom in Engeland steeds groei, geneem. Op 'n bord langs die boom staan dit geskryf dat die boom na beraming 2000 jaar oud is. Groot dele van die 3 meter dikke hoofstam is al dood en verweer, maar nuwe groei wat oral deurbars, sorg vir 'n lowerryke blarekroon. Té mooi vir woorde!
Uit een van die stamme het daar 'n sytak gegroei wat 'n kieriesnyer se droom was. "Jy kan my maar kry. Maak 'n plan," het die boomreus vir my gesê en toe maak ek 'n plan – onwettig, onverantwoordelik en waaghalsig het ek die tak gaan uithaal: Per ongeluk gestruikel, toe die tak beetgekry om my val te keer en gelukkig het die tak halfpad afgeskeur. Ek en my swaer het die tak uit sy ellende verlos en ons is onopgemerk huis toe met my kosbare fonds.
By die huis het ek die kierie op lengte gesaag en toe sommer so nat-nat rowwerig afgewerk, want 'n paar dae later moes die kierie saam met my terug Suid-Afrika toe. 'n Glad afgewerkte kierie sou maklik op die lughawe deurgewerk word, maar hierdie een was eintlik nog net 'n ruwe stuk hout wat nog moes uitdroog. My plan was egter fyn uitgewerk.
Op pad na die inweegtoonbank het ek deurgaans swaar op die kierie geleun, veral toe ek die sware tasse op die weegskaal moes kry. Toe ek beteuterd my kierie na die vriendelike dametjie uithou, het sy voordat ek nog 'n verduideliking kon opdis, die eerste knoop deurgehaak: "You may keep your stick. I suppose you can't get along without it." Ek het haar begrip waardeer en my kop saamstemmend geknik. Toe, in my mooiste Ingels: Thank you sincerely. Very kind of you!
Verder op pad na die vertreksaal, het ek ewe flink sonder die kierie se hulp oor die weg gekom tot naby die handbagasietonnels waar ek betyds weer swaar op die kierie begin leun het. Tot my stomme verbasing het die kierie by al wat 'n sensor of kamera was, verbygeglip.
Die laaste hekkie het nog voorgelê. Dis nou daar in die vertreksaal waar jy jou paspoort en opklimkaart vir oulaas moet toon. Dis toe nou net daar waar die hele ou spulletjie 'n wending geneem het. Terwyl ek in die lang tou sukkelende vorentoe beweeg het, was daar skielik 'n vriendelike juffer met 'n rolstoel langs my! "Would you like me to get you through?" wou sy weet. "Oh, so kind of you!" het ek merkbaar verlig gesê.
In 'n ommesientjie was ek in die rolstoel! Handbagasie in 'n mandjie en kierie kiertsregop tussen my knieë. In 'n japtrap is ons paspoorte en opklimkaarte nagegaan. Man en toe's dit 'n lekkerte! Ek op die rolstoel en my ou Saamlopertjie, soos 'n Foxterriër, al drawwende kort op ons hakke tot by die vliegtuig se groot oop deure
Soos altyd was daar 'n gulle verwelkoming by die vliegtuig en die lugwaardin het my handbagasie oorgeneem en ons tot by ons sitplekke geneem. Daar het sy die kierie geneem en gesê dat sy dit vir my sou bêre tot ons weer moes afklim.
Toe ons in Kaapstad land, was die vriendelike lugwaardin vir my nog mooier en vriendeliker omdat sy die mankoliekige ou oom so mooi gehelp het en sy kierie vir hom terugbesorg het.
Vandag is die kierie vir my kosbaar, want dis 'n onthoukierie. Dis 'n kierie wat 'n storie vertel. Oorle lewende Ma, as sy daarvan te hore sou kom, sou my ernstig vermaan het dat my sonde my sou inhaal. Vir haar was sonde mos nog onverdoeselbaar.

Nou wonder ek of sy nie dalk reg was nie. As die ou heupe, knieë en rug my deesdae ál meer opkeil, wonder ek of oorle lewende Pa nie dalk reg was toe hy ons gewaarsku het dat ons versigtig moes wees om nie later met die blinde sambok bygekom te word nie.
Sê jy nou vir my dat kieries nie stories kan vertel nie! Daar is hope kieriestories te vertelle en as hy nie self nie die storie kan vertel nie, is daar altyd iemand om uit te help om sy kierie se storie te vertel.
Met ŉ tikkie ondeundheid in my vonkelende oog vertel ek ten slotte van die ou oom met sy kierietjie. Skielik dink ek nou daaraan. Ekskuus Ma. Die oom het by die busstop op die bank sit en wag vir die bus toe ŉ pa en ma met tien kinders ook daar opgedaag het.
Toe die bus stilhou het die spulletjie in die bus ingeryg. Die kondukteur het sy hand gelig en gesê dat die bus vol was en beduie dat die oom en die pa maar vir die volgende bus moes wag.
Die oom het ritmies, volgens die bewing van sy hand met sy kierie op die sementvloer getik. Dit was te veel vir die pa se ore. "Oom kan jy nie maar ŉ rubbertjie aan jou kierie se punt sit nie?" "Ja jong," seg die oom, "as jy ŉ rubbertjie gebruik het, was daar nou vir ons almal plek op die bus.

Op die volgende bus was daar genoeg plek.

**Groete tot 'n volgende keer……………………………………………………………**





# April is outisme bewusmakingsmaand

*(Connie Smit)*

Met 1 uit 45 kinders wat nou met outisme gediagnoseer is, is daar 'n baie goeie kans dat jy iemand ken wat 'n outisme-ma is. Miskien is dit 'n kennis of 'n kollega. Dit kan selfs 'n familielid wees wie se kind nie gediagnoseer is nie - Jy besef dit dalk nie eers nie. Outisme-ma's is goed om hul wêreld weg te steek. Sy wil dalk nie vir almal sê dat haar kind 'n "etiket" het nie, of dalk is sy te uitgeput om weer te verduidelik.

Mense assosieer outisme met die fliek “Rain Man,” met uiterste simptome. Dit is waar, maar outisme het baie gesigte. Outisme is dikwels onsigbaar vir die buitewêreld. Mense sien vreemde of soms "onvanpaste" gedrag - miskien 'n woede-aanval in die kruidenierswinkel van 'n kind wat ver "te oud" is en word vinnig bestempel as "bratty" of "swak ouerskap". Glo my, daardie ma is *pynlik* bewus van hoe haar kind optree. Sy is waarskynlik uitgeput, desperaat vir 'n bietjie hoop en wens net iemand – *enigiemand* – sal vir haar sê alles sal oukei wees. Sy sal so dankbaar wees vir 'n vriendelike hand om haar te help in plaas van mense wat staar en veroordelende kyke.

En as 'n outisme-ma wel deel dat haar kind outisme het, word sy dikwels gekonfronteer met welmenende, maar pynlike opmerkings

**Kommentaar soos:**
*“Is jy seker dit is outisme? Hy tree nie so op nie”* of *“Hy lyk nie outisties nie.”*
*“Hy het net meer dissipline en ’n goeie pak slae nodig.”*
*“Hy is net bederf.”*
*“Hy sal dit ontgroei. Moenie bekommerd wees nie.”*
*"Ek is jammer."*

***Ja, sy is seker haar kind het outisme.***

Dit is nie maklik om 'n outisme-diagnose te kry nie; dit verg dikwels maande op 'n waglys, ure se toetsing en ondervraging en verskeie spesialiste. Sommige mense dink blykbaar ma's gooi onverskillig 'n "etiket" rond as 'n verskoning vir hul kind se gedrag. Dit is eenvoudig nie waar nie. ’n Outisme-diagnose is dikwels die gevolg van maande of selfs jare van daardie ma wat gesukkel het om haar kind te help en uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom het dat daar iets anders is, selfs “verkeerd is” met haar kind. Dit is baie moeilik vir 'n ma.

*Meer dissipline of "bederf?"*

Kinders met outisme is anders. Nie in alles nie, maar in sekere opsigte is hulle wel. Baie reageer nie op die gewone ouerskap soos “tipiese” kinders doen nie. Dit is hoekom hulle deur kundiges met outisme gediagnoseer word. ‘n “Goeie” pakslae maak dit nie beter nie. In teendeel, hierdie kinders, wat alles so realisties beleef, sal nooit verstaan hoekom jy hom slaan, maar hy mag nie sy boetie slaan nie?

*Hy sal dit ontgroei.*

Outisme is nie iets wat jy kan ontgroei nie. Dit is nie 'n "fase" wat met tyd sal verbygaan nie. Dit is 'n mediese diagnose. Dit beteken nie daar is geen toekoms nie, maar dit beteken dat die lewe meer uitdagend sal wees. Sommige kinders met outisme sal nooit in staat wees om op hul eie te lewe nie. Ander sal, maar vereis dalk meer ondersteuning en aanspreeklikheid.

Behalwe dit, dink jy enige outisme-ma sal *nie* wil hê haar kind moet outisme "ontgroei" nie? Elke ma wil hê haar kind moet groot word en 'n gelukkige, onafhanklike volwassene wees wat as 'n verantwoordelike lid van die samelewing kan funksioneer. Maar vir outisme-ma's is dit nie altyd die werklikheid van hul toekoms nie.

Alle ma's het hoop en drome vir hul kinders. Ons dink aan ons kinders se toekoms en stel hulle voor as gelukkige, onafhanklike volwassenes, miskien getroud met hul eie kinders. Alle mammas is bekommerd oor hul kinders. Maar vir outisme-ma's neem daardie bekommernis 'n heel nuwe hoogte aan, want hulle weet die realiteit van die wêreld is alreeds teen hulle kinders.

Vir 'n outisme-ma is klein goedjies waaroor "tipiese" ma's nie eens 'n oog sal knip nie, rede vir groot viering.

**Hier is 'n paar voorbeelde van dinge wat outisme ma's vier:**

- kyk hoe haar kind 'n nuwe vriend maak
- maak dit deur 'n speletjie sonder 'n ineenstorting
- "gedra" homself die hele dag by die skool
- toon empatie
- maak dit deur 'n hele maaltyd by 'n restaurant sonder om 'n "breek" by die motor nodig te hê
- gevoelens van seerkry of frustrasie uitdruk in plaas van 'n ineenstorting
- 'n drukkie toelaat of iemand wat sy hand vashou

Die volgende keer as jy 'n ouer sien sukkel, moenie wegdraai en haar ignoreer of erger nog, staar en oordeel nie - bied eerder ondersteuning.

**'n Glimlag, 'n helpende hand, 'n eenvoudige "*jy doen goed* ", sal meer van 'n verskil maak as wat jy ooit kan weet.**

## *SOSIALE BYEENKOMSTE*

‘N LEERSAME EN DANKBARE DROOM-PAD

In die begin van Maart-maand met die jaarlikse strategiese beplanning vra Mnr Veldsman dat ek vir die Droomgenoot terugvoer moet gee oor wat ek geleer het die laaste drie jaar en sewe maande. My eerste gedagte was sjoe, waar begin ek…. Dit het dink werk en krabbel gekos. Helaas hier is my poging, miskien niks nuuts nie maar tog noodsaaklik en tydloos.

1. By die laaste sterwens oomblikke van inwoners, het die besef dat ons net een lewe het weer diep kom lê, dat die begin van ons lewensreis nie belangrik is nie, maar wel hoe dit eindig, veral geestelik!
2. Die bitterheid en onvergenoegdheid van sommige inwoners het my omgekrap en laat besef hoe belangrik vergifnis is, spesifiek vir jouself.
3. Die statigheid waarmee baie inwoners egter verouder, het my moed gegee vir my oudword-jare, (sou ek word).
4. Die weerloosheid van sommige bedlêende inwoners het my opnuut laat wakker skrik, om my eie gesondheid beter op te pas.
5. Die lewe (veral familie) skuld mens niks nie en as jou stryd teen jou mede-mens is dan het jy reeds verloor.
6. Kies jou veldslae, moet nie oor elke klip in die pad struikel nie, dit lei tot onnodige vermoeienis want môre is nie gevrywaar nie.
7. Mense verhoudings bly die goue lewens-aar van die lewe, ‘n sagte aanraking, vriendelikheid, omgee, geduld en liefde kan nie deur enigiets wat hierdie lewe bied, vervang word nie, veral nie geld nie.
8. Dankbaarheid, in alle opsigte, in die klein dingetjies en dit wat ons elke dag vanselfsprekend aanvaar is so belangrik soos asemhaling. Om net alreeds die Here te kan dien, is so ‘n groot voorreg en seën veral in die huidige wêreld waarin soveel mense kop verloor (daar is ‘n fondasie).
9. Covid-19 het die hele wêreld tot stillstand geruk en myne ook. Dit het gelei tot dieper self-introspeksie en tot ‘n dieper verstaan van God se genade. My afhanklikheid van die Here het verdiep en my uitkyk-venster van die lewe het verander. Sommige dae was maklik en ander moeilik, maar tussen observasie en foute maak het ek nog ‘baba-vet’ verloor.
11. Die belangrikste lesse egter vir my, is die van genade. Daar was nog te veel veroordeling wat ek rondgedra het. Die daaglikse werk met soveel verskillende mense het my oë laat oopgaan en ek het geleer dat voor ek my wil volstop met onvergewensgesindheid, bitterheid, haat, woede ens., KOM Lê DIE SKOK ONTHULLING DAT EK SELF ANDER AL TE NA GEKOM HET.
12. Het ek perfek geword? Nee glad nie, maar my emosionele asook geestelike fokus het verfyn en by die vraag van self-ondersoek gebring. As ek dan so dankbaar is omdat ek ‘n geloofskind is en ek leef dit dan nie uit nie, of het nie die begeerte om te verander nie, waarmee is ek dan besig?

Ek groet; baie baie dankie aan elke Inwoner en Personeellid van Droom wat my lewe kom aanraak en verander het maar bowenal met die wete dat Droom altyd ‘n deel van my sal bly. Mooi loop…

# UIT DIE VERPLEEGAFDELING



## GRIETA DE JAGER

Dit is met groot hartseer dat ons van Grieta moet afskeid neem as ‵n "nie-betalende" permanente vrywilliger.
Dit klink seker vir baie mense vreemd dat ek haar so noem, maar Grieta was soos ‵n permanente werker by ons, maar het geen betaling ontvang.
Waar begin ‵n mens om dankie te sê aan So'n formidabele vrou in ons gemeenskap.
Ek dink min mense is bewus dat Grieta as assistentverpleegster by Jan Lange gewerk het vanaf 1966 - as ‵n jong, ongetroude dame. Sy was aangestel deur wyle Ds Jan Lange (na wie Tehuis Jan Lange vernoem is). Haar troue was in die ouetehuis gehou. Sy het tot 1969 in in die tehuis gewerk en toe het sy by die spreekkamers begin. Grieta het haar eerste man, Kassie. in 1976 verloor agv verdrinking. Drie kinders is uit die huwelik gebore, Johan die oudste en toe ‵n tweelingdogters, Lynette en Elzette. Daarna het die spreekkamers haar halfdag laat werk omrede haar kinders so klein was. Sy is toe later met haar tweede man, Kat de Jager, getroud.
‵n Staaltjie wat Grieta my vertel het en ek so amusant gevind het, gaan ek ook met julle deel. Die tehuis het ‵n blou Kombi met die naam "Daisy" gehad, waarmee hulle die inwoners vervoer het. Grieta moes eendag ‵n Oom x-strale toe neem met die kombi en daarna die x-strale na die dokters neem by die spreekkamer. Daar gekom, los sy die sleutels in die kombi saam met die oom om net vining in te hardloop om die x-strale af te gee. (Daardie jare kon jy nog jou sleutels in jou motor los, maar nie daardie spesifieke dag nie.) ‵n Persoon het by die spreekkamers ingehardloop en gevra wie ry ‵n blou kombi. Vinnig is Grieta uit en daar sien sy, ry die kombi om die draai. Sy hardloop oor na die polisiestasie waar haar man Kat gewerk het. Die polisie is toe agter die kombi aan. Intussen hardloop Grieta terug Tehuis Ou Meule toe om vir Sr Elbie van der Berg te gaan sê. Die twee klim in sr Elbie se motor en jaag agterna. Die polisie keer toe die kombi by die begrafplaas voor. Die oom in die kombi het intussen vorentoe geskuif na die voorste sitplek en so ewe vir die man aan die stuur gesê hy wil plaas toe. Sy plaas is op die Vermaaklikheidpad uit. Die man aan die stuur het twee motors in die proses gestamp soos hy probeer wegkom het. Arme Grieta was so angsbevange dat die dokters haar ‵n inspuiting moes gee om te kalmeer. Toe sy later by Ds Goosen kom, vra hy so ewe, "Grietatjie wat het jy vandag aangevang?"

Ek het Grieta leer ken in 2006 toe ek by DROOM begin werk het. Sy het toe al ‵n geruime tyd as vrywilliger gewerk. Met my aankoms by DROOM het Grieta baie aankope vir die bejaardes gedoen. Ek het haar later ingetrek om te help om die toiletware wat ons as skenkings ontvang het, te beheer en uit te gee. Sy was veral baie lief vir die Alzheimer pasiënte en in samewerking met twee dames uit die

gemeenskap, Andelene en Queenie, het hulle Dinsdae vir die Alzheimer-inwoners en ander van die tehuis, spelejies aangebied. Woensdae het sy gehelp om die rolstoele oor te stoot na die Dienssentrum. Later het haar werk meer toegeneem. Sy het hare gesny, gehelp om treklakens te sny en te maak, gordyne korter gemaak, eetgoed uitgedeel, aankope gedoen. Grieta was omtrent op 'n daaglikse basis in die tehuis te sien. As ek my oë uitvee is Grieta daar met melkterte of waatlemoene wat geskenk is. Dan word daar gereël dat, sover moontlik, almal afgebring kan word om waatlemoenfees te hou.
Sy het ook gehelp om meer vrywilligers te kry om haar te help. Daar is begin met 'n klerebank, met klere wat deur die gemeenskap geskenk is. Dit was nie 'n baie maklike taak nie. Sommige van die klere moes eers gewas word voor Grieta dit kon uitdeel of wegbêre. So het die klerebank gegroei van 'n kas in die tehuis na 'n kamer in Jan Lange.
Grieta was genomineer as Vrywilliger van die jaar en was as een van 6 dames wat 'n toekenning by BADISA in die Kaap ontvang het. 'n Toekenning wat ek wens op 'n jaarlikse basis vir haar gegee kon word.
Maar die grootste waardering wat ek het vir Grieta, is haar pannekoekbak, reëlings ens. Vandat ons basaar begin hou het in die Burgesentrum, was ou Grietatjie daar om haar deel by te dra met die pannekoek. Selfs met ons maandelikse verkope was Grieta altyd daar. Ons pannekoek bak by die plaaslike skou vanjaar, was seker een van die lekkerste tye. Tussen Grieta en Christa de Wet het hulle die baksters en rollers gereël. Daar was nooit 'n tekort aan 'n persoon nie. Daar was so lekker gelag en gesels onder mekaar. Grieta, ek sal dit nooit vergeet nie.
DROOM is haar so innig dankbaar vir alles wat sy vir die bejaardes en DROOM gedoen het – altyd met 'n glimlag op haar gesig. Vandag vra ek haar, Grieta, jy het nou klaar gemaak, maar kan ek nog op jou knoppie druk as ons treklakens moet maak en met die pannekoek reëlings? Altyd, was haar antwoord. Dit is een ding om op te hou met werk, maar dit is totaal iets anders as jy moet ophou om iets te doen waarvoor jy so lief is. En Grieta is so baie lief vir die bejaardes. Sy is dalk nie meer so permanent in ons midde nie, maar defnitief nie vergete nie. Grieta, dankie my vriendin. Dankie is so 'n klein woordjie, maar jy is en sal geseënd wees. Pas jouself mooi op, jy bly kosbaar vir ons.

## ***Glaucoma***

- **Early Symptoms:**

  Often none

- **Later Symptoms:**

  Loss of side (peripheral) vision, blind spots, blindness

- **Diagnosis:**

  Dilated eye exam with visual field testing

- **Treatment:**

  Medicine (usually eye drops), laser treatment, surgery

***What is glaucoma?***

Glaucoma is a group of eye diseases that can cause vision loss and blindness by damaging a nerve in the back of your eye called the optic nerve.

The symptoms can start so slowly that you may not notice them. The only way to find out if you have glaucoma is to get a comprehensive dilated eye exam.

There's no cure for glaucoma, but early treatment can often stop the damage and protect your vision.

**TYPES OF GLAUCOMA**

***1.Primary glaucoma***

Some types of glaucoma are caused by other medical conditions — but for other people, the doctor doesn't find another condition that causes it. When the doctor doesn't find another cause, it's called primary glaucoma.

### a. Open-angle glaucoma

**Treatments:** Medicines, laser treatment, surgery

Open-angle glaucoma is the most common type in the United States, where 9 in 10 people with glaucoma have the open-angle type. Many people don't have any symptoms until they start to lose their vision, and people may not notice vision loss right away.

Experts aren't sure what causes open-angle glaucoma, but it may be caused by pressure building up in your eye. If the fluid in your eye can't drain fast enough, it creates pressure that pushes on the optic nerve in the back of your eye.

Over time, the pressure damages the optic nerve, which affects your vision. This can eventually lead to blindness. In fact, open-angle glaucoma causes almost 2 in 10 cases of blindness in African Americans. People with high blood pressure or diabetes are at higher risk for this type.

### b. Normal-tension glaucoma

**Treatments:** Medicines, laser treatment, surgery

Normal-tension glaucoma is a type of open-angle glaucoma that happens in people with normal eye pressure.

You may be at higher risk for normal-tension glaucoma if you:

- Are of Japanese ancestry
- Have a family history of normal-tension glaucoma
- Have had certain heart problems, like an irregular heartbeat
- Have low blood pressure

Experts don't know what causes normal-tension glaucoma, but research shows that treatments that lower eye pressure can help slow the disease and stop vision loss.

### c. Angle-closure glaucoma

**Treatments:** Medicines, laser treatment

Angle-closure glaucoma, also called narrow-angle or acute glaucoma, is a medical emergency. Go to the doctor or emergency room immediately if you suddenly have:

- Intense eye pain
- Upset stomach (nausea)
- Red eye
- Blurry vision

In this type of glaucoma, the outer edge of the iris (the coloured part of your eye) blocks fluid from draining out of the front of the eye. The fluid builds up quickly, causing a sudden increase in eye pressure. If it's not treated, angle-closure glaucoma can cause blindness in just a few days.

A doctor can use laser treatment and give you medicine to help the fluid drain. This can lower eye pressure and protect your vision. Your doctor might treat both eyes to prevent future problems, even if you only have angle-closure glaucoma in 1 eye.

Another type of angle-closure glaucoma, sometimes called slow or chronic angle-closure glaucoma, happens more slowly and might not have any symptoms. Your doctor can treat this type with medicines, laser treatments, or surgery.

### d. Congenital glaucoma

**Treatments:** Medicines, surgery

In congenital glaucoma, babies are born with a problem in their eye that keeps fluid from draining normally. Congenital glaucoma is rare — only about 1 in 10,000 babies born in the United States have it.

If your child is born with glaucoma, you can usually notice the signs right away. Children with congenital glaucoma:

- Have cloudy eyes
- Are sensitive to light
- Make extra tears
- May have eyes that are larger than normal

Surgery works very well to treat congenital glaucoma. If babies get surgery early enough, they usually won't have any permanent vision loss.

Several other types of glaucoma can also develop in children. Any glaucoma that affects babies or children is called paediatric glaucoma.

***2. Secondary glaucoma***

Sometimes glaucoma is caused by another medical condition — this is called secondary glaucoma.

### a. Neovascular glaucoma

**Treatments:** Medicines, laser treatment, surgery

Neovascular glaucoma happens when the eye makes extra blood vessels that cover the part of your eye where fluid would normally drain. It’s usually caused by another medical condition, like diabetes or high blood pressure.

If you have neovascular glaucoma, you may notice:

- Pain or redness in your eye
- Vision loss

This type of glaucoma can be hard to treat. Doctors need to treat the underlying cause (like diabetes or high blood pressure) and use glaucoma treatments to lower your eye pressure.

### b. Pigmentary glaucoma

**Treatments:** Medicines, laser treatment, surgery

Pigmentary glaucoma happens when the pigment (colour) from your iris (the coloured part of your eye) flakes off and blocks fluid from draining out of your eye.

Young, white men who are near-sighted are more likely to get pigmentary glaucoma. If you have this condition, you may have blurry vision or see rainbow-coloured rings around lights, especially when you exercise.

Doctors can treat pigmentary glaucoma by lowering eye pressure, but there currently isn’t a way to prevent pigment from flaking off the iris.

### c. Exfoliation glaucoma

**Treatments:** Medicines, laser treatment, surgery

Exfoliation glaucoma (sometimes called pseudo-exfoliation) is a type of open-angle glaucoma that happens in some people with exfoliation syndrome, a condition that causes extra material to deposit on parts of the eye and block fluid from draining.

Recent research shows that genetics may play a role in exfoliation glaucoma. You’re at higher risk if someone else in your family has exfoliation glaucoma.

This type of glaucoma can progress faster than primary open-angle glaucoma, and often causes higher eye pressure. This means that it’s especially important for people who are at risk to get regular eye exams to protect their vision.

## d.Uveitic glaucoma

**Treatments:** Medicines, surgery

Uveitic glaucoma can happen in people who have uveitis, a condition that causes swelling and inflammation in the eye. About 2 in 10 people with uveitis develop uveitic glaucoma.

Experts aren't sure how uveitis causes uveitic glaucoma, but they think that it may happen because uveitis can cause inflammation and scar tissue in the middle of the eye. This may damage or block the part of the eye where fluid drains out, causing high eye pressure and leading to uveitic glaucoma and vision loss.

Some medicines that treat uveitis — called steroids — may also cause uveitic glaucoma or make it worse. This is because steroids may raise eye pressure as a side effect.

## Other causes

Other health conditions like cataracts and tumours can cause glaucoma too — but this isn't as common.

Eye injuries can also cause glaucoma — that's why it's so important to wear protective eyewear, like safety glasses and goggles. Protective eyewear is designed to protect your eyes during certain activities, like playing sports, doing construction work, or doing home repairs. You can buy them from most eye care providers and some sporting goods stores.

### ***What are the symptoms of glaucoma?***

At first, glaucoma doesn't usually have any symptoms. That's why half of people with glaucoma don't even know they have it.

Over time, you may slowly lose vision, usually starting with your side (peripheral) vision — especially the part of your vision that's closest to your nose. Because it happens so slowly, many people can't tell that their vision is changing at first.

But as the disease gets worse, you may start to notice that you can't see things off to the side anymore. Without treatment, glaucoma can eventually cause blindness.

### ***Am I at risk for glaucoma?***

Anyone can get glaucoma, but some people are at higher risk. You're at higher risk if you:

- Are over age 60, especially if you're Hispanic/Latino
- Are African American and over age 40.
- Have a family history of glaucoma.

Talk with your doctor about your risk for glaucoma and ask how often you need to get checked. If you're at higher risk, you need to get a comprehensive dilated eye exam every 1 to 2 years.



### *When to get help right away*

Angle-closure glaucoma can cause these sudden symptoms:

- Intense eye pain
- Upset stomach (nausea)
- Red eye
- Blurry vision

**If you have any of these symptoms, go to your doctor or an emergency room now.**

### *What causes glaucoma?*

Scientists aren't sure what causes the most common types of glaucoma, but many people with glaucoma have high eye pressure — and treatments that lower eye pressure help to slow the disease.

### What does eye pressure have to do with glaucoma?

Research shows that high eye pressure increases your risk for glaucoma. Experts believe that when the pressure inside your eye gets too high, it can damage the optic nerve and cause vision loss. And studies show that lowering eye pressure can help stop vision loss from glaucoma. That's why it's important to control the pressure inside your eyes.

But not everyone with high eye pressure will develop glaucoma — and some people with normal eye pressure get glaucoma. Whether you develop glaucoma depends on the amount of pressure your optic nerve can handle — and this amount is different for each person. For most people, eye pressure above 21 is higher than normal.


Getting regular dilated eye exams can help your eye doctor figure out what level of eye pressure is normal for you.

**What happens when you have high eye pressure?**

The pressure in your eye gets higher when fluid can't drain normally out of the front of your eye.

Between the cornea (clear front layer of the eye) and the iris (coloured part of the eye), there's a space called the anterior chamber. Fluid normally flows through this space and out of an opening where the iris and cornea meet. The opening has spongy tissue in it, called the trabecular meshwork. The fluid passes through the meshwork to drain out of the eye.

Sometimes the trabecular meshwork blocks the fluid from draining back into the bloodstream, which increases pressure inside the eye. This pressure build-up is shown in the diagram below.




There's no way to prevent glaucoma. That's why eye exams are so important — so you and your doctor can find it before it affects your vision.

***How will my eye doctor check for glaucoma?***

Eye doctors can check for glaucoma as part of a comprehensive dilated eye exam. The exam is simple and painless — your doctor will give you some eye drops to dilate (widen) your pupil and then check your eyes for glaucoma and other eye problems. The exam includes a visual field test to check your side vision.



## Gedagte vir die dag/week/maand/jaar

Die wat op die Here vertrou,

Kry nuwe krag.

Hulle vlieg met arendsvlerke

JES 40:31

Vreugdevolle groete
Linda Botha

## GHOLFDAG

2023 het letterlik met 'n "bang" begin.
Ons het met die intrapslag 'n gholfdag begin reël vir die 11de Februarie. Borge ens moes verkry word. Skape is gereël vir pryse. "Goodiebags" is ook vir elke speler gegee soos hy of sy ingekom het. Die grootste uitdaging was om genoeg spelers te kry om die dag te speel.
Gelukkig het Frans Myburgh en Heidi du Preez ons ontsettend baie hiermee gehelp. Hessequa Munisipaliteit was ons hoofborg vir die dag en ons sê weereens baie daknie vir die hulp. 'n Kruiwa is geborg en ons het dit met drank vol gemaak – bier, whisky, brandwyn, likeur, wyn en nog vele meer. Alles was skenkings gewees. Die waarde van die kruiwa en die drank was om en by R5000. Looitjie is verkoop teen R100 per kaartjie.
Daar was twee "natgate" wat deur Spar en Wispernet onderskeidelik geborg was. Daar was gebraai by die een natgat en water en bier is uitgedeel. Wispernet het by hulle natgat "shooters" en koeldrank uitgedeel.
Die gholfdag was 'n groot sukses en ons beoog om dit 'n jaarlikse instelling te maak, maar het die datum ietwat aangeskuif. Hier volg slegs 'n paar fotos van die dag –



Mnr Grant Riddles




Mnr Frans Myburgh

Goodie Bags



Die beroemde Kruiwa



**HET JY AL GEWONDER WAAROM ONS TEHUISE SE BESTAAN NOODSAAKLIK IS?**

Een van die gevaarlikse denke is wanneer jy dink jy sal altyd jonk en sterk bly. Oud word en verswakking vind daagliks om ons plaas en is ‘n realiteit. Elke mens is ‘n prooi van oud word, siektes, verswakking en vereensaming. Een of ander tyd gaan dit aan jou deur kom klop.

Een van die grootste vrese van die mens is om alleen oud te word, sonder ondersteuning, hulp en veiligheid. Die onsekerheid wat vir jou voorlê.

Daar is egter baie goeie nuus - DROOM Tehuise bied Versorging en Veiligheid. Dit is 2 van die basiese menseregte van elke mens om veilige versorging te kan geniet.

My belewenis is dat wanneer my telefoon lui op my lessenaar, gaan die navrae meerendeels rondom verblyf vir verswaktes en Alzheimer inwoners. Die tyd is lankal verby dat mense sommer net in die ouetehuis wil kom woon, omdat dit dalk ‘n goeie idee is.

Ons wêreld waarbinne ons woon het radikaal verander. Kinders gaan werk en woon oorsee en die ondersteuning struktuur van ouers wat ouer en swakker word raak al hoe kleiner. Wanneer so ‘n ouer afsterf kommunikeer ons met die kinders oorsee en kry ons die opdrag om die as per “courier” iewers na ‘n familielid te stuur. Geen troosdiens of afskeid.

Hierdie is ‘n sombere prentjie, maar die realiteit.

Daar is egter die blinker kant van die lewe en dit is dat DROOM instaan as surrogaat of plaasvervanger vir die natuurlike. Ons is daarom in die eerste plek ook “familie” van elke inwoner. Indien die inwoner dit nie so ervaar nie, ontwikkel die verhoudings by DROOM in so ‘n mate dat ons later nie sonder mekaar oor die weg kan kom nie. Elke inwoner is vir ons belangrik en kosbaar.

Binne in “familie verband” raak ons lief vir mekaar, sien ons om na mekaar se belange en maak ons seker dat almal versorg en veilig is. Dit behels dat ons na Gees, siel en liggaam omsien, sodat ons inwoners holisties versorg word.

Wanneer ek met familie praat is hulle verlig om te hoor dat daar ‘n instansie is wat hul kan help en vir hul kan “instaan” om na hul geliefdes om te sien.

Ek is trots saam met my mede kollegas om deel van hierdie surrogaat familie te kan wees. By DROOM staan ons in vir families wat nie kan nie, maar dit is ook ons God gegewe roeping en opdrag. Ons poog om gedurigdeur te verbeter en ons standaarde te verhoog. Ons is werklik trots op wie ons is en wat ons doen.

Met liefde en omgee.

Riaan Bernardo, Maatskaplike dienste & Geestelike versorging.

**Skou Pannekoek**

DROOM het die voorreg gehad om vanjaar die pannekoek by die plaaslike Landbou Skou te bak. Ons het vanaf Woensdag tot Saterdagmiddag gebak. Daar was 'n formidable span onder leiding van Grieta de Jager en Christa de Wet wat in skofte gebak en gerol het. Dit was 'n heerlike klompie dae om saam met hierdie dames te werk. Die spangees was uit die boeke.

Ons het R15 000.00 gemaak vir die 4 dae. Baie dankie aan elke bakster en roller. Ons maak weer so volgende jaar!









# **Kontakbesonderhede**

DROOM

Posbus 270

Riversdal

6670

| | |
|---|---|
| DROOM: | 028 7132526 |
| E-Pos: | ontvangs@droomriversdal.co.za |
| Web: | www.droomriversdal.co.za |

**2022/2023-boekjaar**

**Personeel:**

| | |
|---|---|
| Uitvoerende Bestuurder: | Mnr CJ Veldsman |
| DROOM Ontvangs: | Mev A vd Berg |
| Personeel-beampte: | Mev M Strydom |
| Finansiële-beampte: | Mev MG Veldsman |
| Departementshoof: Maatskaplike Afdelings: | Mnr CJ Bernardo |
| Hoof geregistreerde verpleegkundige: | Suster L Botha |
| Geregistreerde verpleegkundige: | Suster U van Niekerk |
| Ingeskrewe verpleegkundige: | Stafverpleegster RH Ponto |
| Koördineerder Onderhoud: | Mnr JH Esterhuizen |
| Sosiale media (Kaapstad): | Mev LA Veldsman |

**Home Community Base Care:** (Projek befonds deur Departement Gesondheid en bestuur deur DROOM).


| | |
|---|---|
| Administratiewe beampte: | Mev MG Veldsman |
| Koördineerder ingeskrewe verpleegkundige: | Stafverpleegster C Malherbe |
| Nie-professionele koördineerder: | Mev M Jacobs |

**Etekaartjies:**

Weeketes: R55,00
Sondagetes: R65,00
Spesiale etes: Prys sal verskaf word by navraag.

**Gastekamer:** Tarief sal verskaf word by navraag

**Respytsorg:** Tarief sal verskaf word by navraag


"TIS BETTER TO HAVE
LOVED AND LOST
THAN NEVER TO
HAVE LOVED AT ALL."
— ALFRED LORD TENNYSON